

Ontmoeting 14

Jesus se veldskool

Verskeie tekste soos aangedui.

Hulpmiddels:

- Lang Spaghetti
- Suurwurms
- “Wine gums”
- Mopanie wurms
- Heuning
- Gaar Macaroni
- Blou en rooi kleursel
- Kakkerlak lekkergoed
- Vrugte sosaties
- Bakkies om eetgoed in te sit
- Lepels indien nodig om kinders mee te voer
- Sakkie vir prente van gelykenisse
- Voëlsaad of prente van voëls
- Blomme of veld grasse
- Prent van vyboom
- Mosterdsaad (enige klein saadjie) of suurdeeg
- Munstuk of speelgoedskapie
- Flits of vuurhoutjies
- Mengbak vir klei
- Koekmeel
- Sout
- Water
- Kookolie
- Plastieksak om klei in te sit

Jesus is met sy dissipels op reis van Galilea na Jerusalem. Terwyl hulle stap, gebruik Hy dinge uit die natuur om hulle te leer hoe om Hom te volg.



WELKOM

Sing:

“Kyk hoedat die voëltjies vlieg” (Lofliedjies vir Jesus 2, Snit: 13)

“Ek, jy, ons, alles loof nou die Heer” (Lofliedjies vir Jesus 2, Snit: 3)

Speletjie: Survivor ete

In die speletjie kry die kinders kans om verskillende goed wat “uit die veld” kom te eet. Die dissipels het saam met Jesus gereis, dus was hulle meestal op die pad. Hulle moes goed eet wat hulle soms sommer in die veld gekry het. Hier

is ‘n paar idees, maar gebruik jou verbeelding. Jy kan vrywilligers kry om vorentoe te kom en dan kan hulle geblinddoek word en dan voer die leier vir hulle verskillende goed “uit die veld”.

- Lang Spaghetti (stokgoggas)
- Suurwurms
- Wine gums wat in water gestaan het (slakke)
- Mopanie wurms (indien jy kan kry)
- Heuning
- Gaar macaroni met blou en rooi kleursel oor (derms)
- Kakkerlak lekkergoed
- Vrugte sosaties



WYDING

Stilword-ritueel

Temalied

Gebedstyd: Kyk om jou. Wat sien jy? Hoe herinner die dinge wat jy sien jou aan God? (Bv. ‘n deur herinner my aan Jesus wat die deur na die Vader is; ‘n lig herinner my aan Jesus wat die lig vir ons pad is, of dat ons ons lig voor die mense moet laat skyn; ‘n dak herinner my dat God se liefde alles bedek en binne hou; ‘n klip herinner my dat God ‘n rots en skuilplek is; ‘n boom herinner my dat ons almal veilig by Hom kan bly.)



WOORD

Luk. 9:51 tot Luk. 19:27 vertel vir ons van Jesus se laaste reis na Jerusalem. Terwyl Jesus en sy dissipels op pad was, het Jesus dinge uit die veld gebruik om sy dissipels te leer hoe om Hom te volg. Hierdie dinge uit die natuur sou hulle help om te onthou Wie Hy is en hoe hulle as dissipels moet leef. Hy het ook baie gelykenisse gebruik om hulle te help onthou. Gelykenisse is kort stories wat jou laat dink en wonder oor belangrike sake van God en hoe ‘n dissipel moet leef. Hierdie gelykenisse is soos om goud te delf. Dis soos iets kosbaar wat diep in die grond is en uitgegrawe

moet word.

As ons in die veld gaan stap, pak ons 'n rugsak met goedjies vir die pad, bv. water, kos, ekstra klere, 'n mes, ens. Vandag het ek 'n rugsak met goed gebring - nie om mee te gaan stap nie, maar goed uit die natuur wat Jesus met sy laaste reis gebruik het om sy dissipels te laat dink en wonder oor God en die lewe.

Vra 'n kind om die eerste item uit die sak te haal en verduidelik kortliks wat dit vir ons vertel:

- Voëlsaad of prente van voëls (Die gelykenis van die saaiër.) Lukas 8:4-8
- Grasse of blomme (Jesus vertel dat die dissipels hulle nie hoef te bekommer oor klere nie. Hy sal vir ons sorg.) Lukas 12:22-34
- Prent van 'n vyeboom (Jesus herinner ons dat ons vrug moet dra - indien nie, kan ons uitgekap word.) Lukas 13:6-9
- Mosterdsaadjie (of enige klein saadjie) of 'n bietjie suurdeeg (Jesus wys hoe sy koninkryk is: dit het 'n kragtige invloed; net 'n klein bietjie is genoeg om 'n groot verskil te maak.) Lukas 13:18-21
- Muntstuk of speelgoedskapie (Jesus gee baie om vir mense - Hy sal iemand wat weggeraak het, gaan soek totdat Hy hom gekry het.)

Lukas 15: 1-10

- Flits of vuurhoutjie (Jesus wil jou hele lewe/liggaam verlig. Mense wie se lewens met Jesus se lig verlig is, is gelukkige mense.) Lukas 11: 33-36

Die kinders dink na oor die verhaal:

- Ek wonder of die dissipels daarvan gehou het om so geleer te word.
- Ek wonder of die dissipels alles wat Jesus vir hulle vertel het, verstaan het.
- Ek wonder van watter ding in die sak hou jy baie.
- Ek wonder van watter ding in die sak sou jy meer wou weet.



WERSKAF

- Vir kleingroep: Die kinders kan buite goed gaan optel en kom vertel wat dit vir hulle van God sê.
- Gee vir die kinders soutklei waarmee hulle iets uit die natuur kan maak wat hulle aan God herinner.

Sluit af met die seëngroet.

Soutklei resep:

2 koppies koekmeel

1 koppie sout

$\frac{3}{4}$ - 1 koppie water (afhangende van die tekstuur)

2 eetlepels olie

Instruksies:

Meng die meel en sout saam. Voeg die olie by. Voeg nou die water bietjie-vir-bietjie by en meng deurentyd tot die deeg 'n lekker stewige tekstuur het en nie meer aan jou hande vasklou nie. Indien jy dit wil bak, kan jy dit teen 180°C vir ongeveer 'n uur in die oond bak. Moenie die goedjies te dik bou nie, anders sal dit kraak

wanneer dit gebak word. Draai die klei in "gladwrap" of 'n plastieksak toe sodat die klei nie uitdroog voor jy dit gebruik nie. Moenie die klei te lank voor die tyd aanmaak nie.